
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2026

# NASIENRIGLYNE

## EKONOMIE

## (VRAESTEL 1)

**22 bladsye**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SA EXAM PAPERS

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGE KEUSEVRAE**

1.1.1 A – produksiemetode ✓ ✓

1.1.2 B – genereerde verbruik ✓✓

1.1.3 D – amplitude ✓✓

1.1.4 C – Kitchin ✓✓

1.1.5 C – Laffer-kurwe ✓✓

1.1.6 A – Wisselkoersstabiliteit ✓✓

1.1.7 Aanvaar A B C D ✓✓

1.1.8 D – revaluasie ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 **BYPASSENDE ITEMS**

1.2.1 D ✓ verteenwoordig ‘n betaling wat in die kringloop gemaak worb

1.2.2 A ✓ besteding deur maatskappye aan kapitaalgoedere

1.2.3 B ✓ beïnvloed die sakesiklus van buite die markstelsel

1.2.4 H ✓ langdurige en voortdurende afname in ekonomiese aktiwiteite

1.2.5 C ✓ fiskale beleidsfokus op die bereiking van spesifieke doelwitte vir die regering

1.2.6 I ✓ geld betaal vir verkeersboetes, seëlbelasting en lisensies

1.2.7 F ✓ foute en weglatings in die betalingsbalans

1.2.8 E ✓ die wisselkoers mag binne 'n spesifieke limiet wissel

(8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 **GEE DIE TERM**

1.3.1 Bruto binnelandse produk ✓

1.3.2 Spaar/Marginale spaargeneigdheid ✓

1.3.3 Ekonomiese groei ✓

1.3.4 Subsidie ✓

1.3.5 Wisselkoersstabiliteit/stabiliteit ✓

1.3.6 Ruilvoet ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE lekkasies in die kringloop.**

- Invoeruitgawes ✓
- Belasting ✓
- Besparings ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe kan natuurrampe skommelinge in die sakesiklus beïnvloed?**

Natuurrampe:
- Verminder die produktiwiteit van die landbousektore en veroorsaak sodoende 'n afswaai in die ekonomie.✓✓
- Verminder die aanbod van grondstowwe wat gebruik word om ander goedere te vervaardig, wat 'n vertraagde groei in die vlak van ekonomiese aktiwiteite veroorsaak.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die metode wat gebruik word om bruto binnelandse produk te bereken uit die tabel hierbo.**

- Bestedingsmetode ✓ (1)

2.2.2 **Noem enige komponente wat besteding deur die buiteland verteenwoordig.**

- Uitvoere ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *bruto vaste kapitaalvorming*.**

Bruto vaste kapitaalvorming verwys na die besteding aan kapitaalgoedere soos masjinerie en ander toerusting wat gebruik word om ander goedere en dienste te vervaardig ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2.4 **Hoekom sou 'n toename in huishoudelike verbruik tot ekonomiese groei in Suid-Afrika lei?**

- Hoër huishoudelike verbruik verhoog die vraag na goedere en dienste, wat lei tot 'n toename in produksie. ✓✓
- Besigheid sal uitbrei as gevolg van 'n toename in vraag, wat indiensneming sal stimuleer en ekonomiese aktiwiteite sal verhoog. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.5 **Bespreek die belangrikheid daarvan om bruto binnelandse produk na bruto nasionale produk om te skakel.**

- Die omskakeling van BBP na BNP hou rekening met die totale inkomste wat deur 'n land se inwoners verdien word, insluitend inkomste uit die buiteland, en bied 'n meer akkurate weerspieëling van die nasionale ekonomiese prestasie. ✓✓
- BBP sluit inkomste in wat inwoners verdien uit beleggings en werk in die buiteland, wat insig bied tot die ekonomiese bydrae van internasionale aktiwiteite. ✓✓
- BNP help beleidmakers om die ekonomiese welstand van die permanente inwoners te verstaan, en lei besluite wat inkomsteverdeling en eksterne ekonomiese verhoudings beter aanspreek. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer uit die spotprent hierbo enige EEN kenmerk van die voorspoed fase.**

Vinnige groei/florerende arbeidsmag ✓ (1)

2.3.2 **Noem 'n monetêre beleidsinstrument wat gebruik word om inflasie te verminder.**

- Rentekoerse ✓
- Ope-mark transaksies ✓
- Kontantreserwevereistes ✓
- Morele oortuiging ✓
- Wisselkoers-teiken ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *prima uitleenkoers*.**

Primêre uitleenkoers verwys na die rentekoers wat kommersiële banke van hul mees-kredietwaardige kliënte hef. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3.4 **Verduidelik die belangrikheid van die gebruik van leidende aanwysers in die voorspelling van die ekonomie.**

- Leidende aanwysers gee vroeë seine oor die rigting van die ekonomie, en help om toekomstige ekonomiese tendense te voorspel voordat hulle ten volle ontwikkel. ✓✓
- Beleidmakers en besighede gebruik leidende aanwysers om proaktiewe besluite te neem, wat hulle in staat stel om ekonomiese uitdagings aan te spreek. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.5 **Hoe kan fiskale beleid effektief gebruik word om 'n ekonomiese afswaai aan te spreek?**

- Tydens 'n ekonomiese afswaai kan verhoogde regeringsbesteding aan infrastruktuur, openbare dienste en maatskaplike programme vraag stimuleer en werksgeleenthede skep. ✓✓
- Om belasting vir individue en besighede te verlaag, kan verbruikers se beskikbare inkomste verhoog en verbruikersbesteding en belegging aanmoedig. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.4 **Bespreek die funksie van die regering in die ekonomiese kringloop.**

- Verskaf subsidies en aansporings aan firmas om die produksie van goedere en dienste te bevorder. ✓✓
- Die staat voorsien huishoudings en besighede van openbare goedere en dienste wat uit produksiefaktore gekoop word in die faktormark. ✓✓
- Ontvang belasting van huishoudings, bv. inkomstebelasting, en van die besigheidsektor, bv. maatskappybelasting. ✓✓
- Die regering leen gereeld geld vanuit die privaatsektor en vanaf oorsee om sy begroting te laat balanseer ✓✓
- Die regering sluit handelsooreenkomste aan om invoere en uitvoere te beïnvloed.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

2.5 **Ontleed die belangrikheid van die handhawing van prysstabiliteit om groot skommelinge in die sakesiklus te voorkom.**

- Dit help om die deursigtigheid van die prysmeganisme te verbeter sodat mense veranderinge in relatiewe pryse kan herken sonder om deur veranderinge in die algehele prys verwar te word. ✓✓
- Prysstabiliteit help huishoudings en besighede om met selfvertroue te beplan en langtermyn besluite te neem. ✓✓
- Dit moedig belegging en spaargeld aan, wanneer inflasie laag is en stabiel, word beleggers en spaarders aangemoedig om meer te spaar en te belê omdat hulle vertroue het dat die waarde van hul geld nie vinnig sal daal nie. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SA EXAM PAPERS

- Ondersteun indiensneming en groei omdat dit help om 'n konsekwente vlak van produksie en indiensneming te handhaaf. ✓✓
- Vermy die risiko van deflasie wat dit moeiliker maak om beleide te implementeer wat teen skommelinge beskerm. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde) (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Lys enige twee items in die finansiële rekening van die betalingsbalans.**

- Netto direkte belegging ✓
- Netto portefeulje-belegging ✓
- Netto finansiële afgeleides ✓
- Netto ander beleggings ✓
- Reserwebates ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan privatisering tot 'n toename in ekonomiese groei lei?**

Privaatsektor-maatskappye behoort meer te belê as gevolg van die wins-aansporing wat produksie sou verhoog en tot ekonomiese groei sou lei. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Wat is die oorspronklike ewewigswisselkoers in die grafiek hierbo?**

- R17/$1 ✓ (1)

3.2.2 **Watter wisselkoersstelsel word in Suid-Afrika gebruik?**

- Vryswewende wisselkoers stelsel ✓
- Buigsame wisselkoersstelsel ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *buitelandse valutamark.***

Dit is 'n mark waar 'n geldeenheid van een land verhandel of omgeruil word vir die geldeenheid van 'n ander land. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2.4 **Verduidelik enige moontlike rede vir 'n verskuiwing van die vraagkurwe van V na V1.**

- Die verskuiwing in die vraag is as gevolg van die invoer van goedere na Suid-Afrika vanaf die VSA (meer Suid-Afrikaners koop uit die VSA). ✓✓
- Uitgaande toeriste van Suid-Afrika na die Verenigde State van Amerika. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.5 **Verduidelik wat met die waarde van die rand gebeur wanneer V na V1 beweeg.**

- Die waarde van die rand sal in waarde daal, wat beteken dit word swakker. ✓✓
- Voor die skuif was die wisselkoers R17/$1 en daarna was dit R18/$1, wat beteken ons betaal R1 meer om dieselfde $ te kry. ✓✓
- Die rede waarom die rand swakker word, is die uitvloei van fondse uit die Suid-Afrikaanse se ekonomie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

## 3.3 DATA RESPONS

3.3.1 **Volgens die grafiek hierbo, watter tipe belasting dra die minste tot die belastingsinkomste?**

Brandstofheffing ✓ (1)

3.3.2 **Identifiseer 'n indirekte belasting wat die meeste inkomste vir die regering bring.**

BTW ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *indirekte belasting.***

Dit is 'n belasting wat deur die regering gehef word op die verkoop van goedere en dienste. ✓✓ (2)

3.3.4 **Wat is die hoofrede vir die heffing van aksynsbelasting?**

Om die verbruik van skadelike goedere te ontmoedig. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.3.5 **Waarom word BTW as 'n regressiewe belasting geklassifiseer? (2 x 2)**

- Dit is regressief omdat mense uit laer inkomstegroepe hoër belasting betaal as wat hul inkomste verhoog as dié in hoër inkomstegroepe, selfs al is die BTW 15% vir almal. ✓✓
- BTW herverdeel inkomste minder eweredig aangesien die armes minder inkomste het nadat hulle BTW betaal het.
- 'n Persoon wat R5 000 verdien, betaal R750 BTW (15% van inkomste) op sekere aankope, in vergelyking met 'n persoon wat R50 000 verdien en ook R750 BTW (1,5% op inkomste) op die aankope betaal.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4)

3.4 **Verduidelik die redes vir die mislukking van die openbare sektor met verwysing na *apatie* en *burokrasie*.**

**Apatie**

- Sommige regeringsamptenare het nie toewyding om hul werk te doen nie, en hulle gee net nie om oor werkverrigting nie. ✓✓
- Regeringsamptenare toon min of geen belangstelling om 'n doeltreffende diens aan die publiek te lewer nie; daar is gewoonlik lang rye in regeringskantore aangesien apatie die gedrag en vermoë om daaglikse aktiwiteite te doen beïnvloed. ✓✓
- Korrupsie en swak dienslewering is die simptome van armoede. ✓✓
- Apatie-bande sluit aan by parastatale maatskappye aangesien mense wat deur staatsbeheerde ondernemings soos Eskom en die Poskantoor in diens is, hul salarisse probeer maksimeer, selfs wanneer die besigheid teen 'n verlies bedryf word. ✓✓ (Maks. 4)

**Burokrasie**

- Burokrate gehoorsaam gewoonlik reëls en regulasies sonder oordeel, hulle handelinge gaan alles oor die nakoming van die wet. ✓✓
- Daar is geen klem op die skep van bykomende bevoegdhede nie en daar is minder vryheid om binne 'n burokrasie op te tree. ✓✓
- Burokrate bevorder 'n struktuur wat nie ware produktiwiteit skep nie en dus lei tot swak dienslewering. ✓✓
- Burokrasie word vereenselwig met ondoeltreffendheid aangesien regeringsamptenare minder openbare goedere en dienste lewer as wat hulle met die beskikbare hulpbronne kan lewer as gevolg van te veel rompslomp. ✓✓ (Maks. 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(Ken 'n maksimum, van 4 punte vir die blote lys van feite/voorbeelde) (2 x 4) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.5 **Ontleed die impak van 'n sterker geldeenheid (rand) op die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

'n Sterker geldeenheid (rand) mag 'n positiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie as volg hê:

- Die invoer van produksie-insette soos ru-olie, landbou chemikalieë en voertuig onderdele sal bekostigbaar word en lei tot 'n toename in produktiwiteit en ekonomiese groei. ✓✓
- Buitelandse beleggers mag hul beleggings in die ekonomie verhoog omdat 'n sterker rand die opbrengste op hul beleggings verhoog. ✓✓
- 'n Sterker geldeenheid sou die vraag na Suid-Afrikaanse produkte verminder, wat help om pryse te stabiliseer of inflasie te verminder. ✓✓

'n Sterker geldeenheid (rand) kan die Suid-Afrikaanse ekonomie as volg negatief beïnvloed:

- Mense uit ander lande mag dit duur vind om van Suid-Afrika te koop, wat ons uitvoere en inspuitings sal verminder. ✓✓
- Suid-Afrikaners sou meer goedere van ander lande koop, wat die winste van plaaslike besighede sou verminder en die werkloosheidsyfer sou verhoog.✓✓
- Die tekort in die betalingsbalans kan vererger omdat daar meer uitvloei van geld en minder invloei van geld sou wees aangesien die rand magtig is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde) (4 x 2) (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Noem TWEE teorieë wat gebruik word om die oorsake van die sakesiklus te verduidelik.**

- Monetaristiese benadering/Eksogene ✓
- Keynesiaanse benadering/Endogene ✓

(2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom is 'n gebrek aan motivering 'n rede vir mislukking in die openbare sektor?**

Regeringsamptenare ontvang selde belonings vir goed uitgevoerde werk en hulle lewer uiteindelik die minimum werksgewys, wat lei tot swak dienslewering.
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die oorspronklike verbruiksfunksie in die grafiek hierbo.**

- E○ = 20 + 0.5Y ✓ (1)

4.2.2 **Wat is die verandering in die nasionale inkomste wat in die bogenoemde grafiek getoon word?**

- 20 ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *vermenigvuldiger*.**

Die vermenigvuldiger verwys na die proses waardeur 'n klein aanvanklike verandering in besteding, soos beleggings, lei tot 'n hoër proporsionele verandering in nasionale inkomste. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.2.4 **Hoe kan 'n verhoging in inkomstebelasting die totale verbruikersbesteding beïnvloed?**

- 'n Verhoging in inkomstebelasting verminder verbruikers se beskikbare inkomste, wat hulle met minder geld laat om aan goedere en dienste te bestee. ✓✓
- Laer beskikbare inkomste lei tot 'n afname in verbruikersbesteding, wat die hoofkomponent van die totale vraag is. ✓✓ (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

4.2.5 **Bespreek die moontlike oorsake van 'n toename in outonome besteding.**

- Toename in regeringsbesteding aan infrastruktuur, onderwys en gesondheidsorg sal lei tot 'n toename in outonome besteding. ✓✓
- 'n Toename in uitvoere sal die totale besteding verhoog. ✓✓
- Laer rentekoerse moedig lenings deur firmas en huishoudings aan, wat outonome besteding laat toeneem. ✓✓
- Besteding van spaargeld of erfgeld, deur huishoudings

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer 'n sosio-ekonomiese kwessie wat uitgebeeld word in die spotprent hierbo.**

- Werkloosheid ✓ (1)

4.3.2 **Noem die instelling wat die werkloosheidskoers in Suid-Afrika publiseer.**

- Statistiek Suid-Afrika ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *volle indiensneming*.**

- Dit is wanneer almal wat werk soek, werk kan kry of in diens geneem word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.4 **Hoekom gebruik ons reële BBP om ekonomiese groei te meet?**

Reële BBP sluit die effek van inflasie in sy pryse uit, en dit verskaf die akkurate syfers. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.3.5 **Hoe lei lae ekonomiese groei tot werkloosheid?**

- 'n Afname in produksie of lae produksie behoort tot minder winste vir besighede te lei, wat hulle dwing om werkers af te dank, wat tot 'n toename in werkloosheid lei. ✓✓
- Lae ekonomiese groei dui op verminderde vraag na goedere, wat die besigheid ontmoedig om meer te produseer, wat werkloosheid op hoë vlakke hou. ✓✓
- Lae ekonomiese groei lei tot die onttrekking van fondse uit die land deur beleggers aangesien hulle minder opbrengste kry en die werkloosheidsyfer styg namate die besighede sluit. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4)

4.4 **Onderskei tussen *produktemark* en *faktormark*.**

| Produktemark | Faktormark |
|---|---|
| • Dit is 'n mark waar finale goedere en dienste verhandel word. ✓✓<br>• Kapitaalgoedere wat gebruik word om ander goed, soos masjiene, te produseer word hier verhandel<br>• Verbruikers goedere soos duursame goed (meubels), word hier verhandel. ✓✓<br>• Geld vloei van huishouding na besigheid vir betalings van goedere en dienste. ✓✓ | • Dit is 'n mark waar produksiefaktore (wat grond, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap is) gekoop en verkoop word. ✓✓<br>• Natuurlike hulpbronne kan in hierdie mark verhandel word, in ruil vir huurgeld.<br>• Arbeid word in hierdie mark aangebied met salaris of lone as vergoeding. ✓✓<br>• Geld vloei van besigheid na huishouding as betaling vir die faktore van produksie. ✓✓ |

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 4)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.5 **Hoekom is dit 'n noodsaaklikheid vir die regering om openbare goedere te voorsien? (4 x 2)**

- Gemeenskapsgoedere het nie-mededinging en nie-uitsluitbaarheid en lei dus tot markmislukking wat regeringsingryping vereis. ✓✓
- Gemeenskapsgoedere kan nie 'n prys wat gebaseer is op gebruik gehef word nie; Die openbare sektor sal dit gratis moet voorsien tot voordeel van die samelewing. ✓✓
- Die regering voorsien kollektiewe goedere tot voordeel van al die mense, aangesien dit baie duur sou wees as dit deur die mark voorsien word, maar hulle word gedwing om 'n klein fooi te hef om die tariefontduikers uit te sluit. ✓✓
- Die regering voorsien kollektiewe goedere soos paaie, openbare vervoer, watervoorsiening en meer om ekonomiese groei en ontwikkeling te ondersteun. ✓✓
- Die regering voorsien meriete goedere aangesien dit belangrike voordele vir hul gebruikers en die ekonomie inhou. ✓✓
- Mense is gewoonlik nie bereid om vir onderwys en gesondheidsorg te betaal nie, en die regering voorsien sulke goedere en dienste omdat hulle bewus is van die positiewe eksternaliteite en sosiale voordele van meriete goedere. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir die blote lys van feite/ voorbeelde) (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SA EXAM PAPERS

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde reaksie.<br>• 'n Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat met die vraag onderwerp verband hou, te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag in jou inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die hoofdeel gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel**: Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Assessering/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte mag toegeken word vir opskrifte/voorbeelde.** | Maks. 26 |
| **Bykomende deel**: Krities bespreek/Evalueer/Krities evalueer/Debatteer/Aflei/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe/Voorstel<br>**'n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote lys van feite.** | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoërorde gevolgtrekking moet insluit:<br>• 'n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om reeds genoemde feite te herhaal<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk.<br>• 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek in detail die nuwe ekonomiese paradigma om sakesiklusse glad te stryk.**
- **Hoe het die Keynesiaanse denkrigting sakesiklusse beïnvloed?**

**INLEIDING**

- Die nuwe ekonomiese paradigma dui daarop dat dit moontlik is om maatreëls te implementeer om ekonomiese groei te bevorder en werkloosheid te verminder sonder om inflasie te stimuleer. ✓✓
- Die nuwe ekonomiese paradigma is ingebed in beide vraagkant- en aanbodkant beleide. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) Maks. 2

**HOOFDEEL**
**Vraagkant beleid:** ✓
**Monetêre beleid:** ✓

- Wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit laag is, kan die SARB uitbreidende maatreëls gebruik om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer. ✓✓
- 'n Uitbreidende monetêre beleid word geïmplementeer wanneer die ekonomie in 'n resessie is om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer. ✓✓
- Rentekoerse kan verlaag word om lenings goedkoper te maak en besteding deur huishoudings en besighede aan te moedig. ✓✓
- Die verhoogde besteding verhoog die vlak van ekonomiese aktiwiteit, beleggings sal toeneem en meer produksiefaktore sal in werking tree. ✓✓
- Hoër vlakke van produksie, inkomste en besteding sal bereik word. ✓✓
- As die aanbod van goedere en dienste nie in ooreenstemming met die toename in vraag toeneem nie, sal inflasie toeneem. ✓✓

**Fiskale beleid:** ✓


- Wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit laag is, kan ekspansionêre/uitbreidende fiskale maatreëls gebruik word om groei te stimuleer en werkloosheid te verminder. ✓✓
- 'n Toename in regeringsbesteding sal die totale vraag verhoog aangesien meer mense in diens sal wees en 'n inkomste verdien. ✓✓
- Wanneer daar 'n toename in inspuiting in die ekonomie is, sal produksie lei tot 'n hoër gebruik van produksiefaktore. ✓✓
- Die gevolg sal hoër inkomste en hoër uitgawes wees. ✓✓
- Belasting kan verlaag word, wat tot 'n toename in beskikbare inkomste sal lei. ✓✓
- Dit sal verbruikersbesteding en beleggings verhoog, wat die totale vraag sal stimuleer. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SA EXAM PAPERS

**Inflasie:** ✓
- Totale vraag neem vinniger toe as die totale aanbod en dit veroorsaak 'n prysverhoging. ✓✓
- As die aanbod nie op die toename in vraag reageer nie, sal pryse styg en dit sal tot inflasie lei. ✓✓
- Gesamentlike vraag en aanbod is in ewewig waar AD = AS by punt **C**, en weer waar AD1 = AS1 by punt **E**. ✓✓
- Die diagram hieronder illustreer dat as AD tot AD1 styg en AS nie reageer nie, die nuwe ewewig by punt F sal wees, dus sal werklike produksie toeneem en pryse sal ook styg, inflasie sal oorheers. ✓✓




**Puntetoekenning:**

| | |
|---|---|
| Benoeming van asse | = 1 punt |
| asse | = 1 punt |
| tekening en benoeming van die vraagkurwe | = 1 punt |
| tekening en benoeming van die aanbodkurwe | = 1 punt |
| | **Maks. 4 punte** |

**Werkloosheid:** ✓
- Vraagkant beleide is effektief om ekonomiese groei tydens 'n ekonomiese resessie te stimuleer. ✓✓
- Die vraag na arbeid sal toeneem as gevolg van ekonomiese groei, en dit lei tot verminderde werkloosheid. ✓✓
- 'n Afname in werkloosheid lei tot 'n toename in inflasie omdat meer mense in diens is, wat 'n toename in die vraag na arbeid veroorsaak. ✓✓
- Hierdie verband tussen werkloosheid en inflasie word geïllustreer deur die Phillips-kurwe. ✓✓


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**PHILLIPS-KURWE**




**Puntetoekenning:**

| | |
|---|---|
| Benoeming van asse | = 1 punt |
| Benoeming van kurwe | = 1 punt |
| Benoeming op ass e | = 1 punt |
| Korrekte PK | = 1 punt |
| | **Maks. 4 punte** |

- Die Phillips-kurwe toon die negatiewe of omgekeerde verband tussen werkloosheid en inflasie. ✓✓
- PK wys die aanvanklike situasie, waarby punt C die PK-kromme x/as sny
- d.w.s. die natuurlike werkloosheidskoers is 14%. ✓✓
- As werkloosheid na B daal, d.w.s. 9%, sal lone styg, en inflasie sal toeneem en tot 4% styg. ✓✓
- Die regering kan kies hoeveel werkloosheid geruil kan word vir inflasie. ✓✓

**AANBODKANTBELEIDE** ✓

**Vermindering van besigheidskostes** ✓

- Die verbetering van infrastruktuurdienste soos kommunikasie, vervoer en energie kan logistieke koste vir besighede verlaag. ✓✓
- Die vereenvoudiging en stroomlyning van administratiewe koste soos inspeksies en regulasies kan nakomingskoste vir besighede verminder, wat dit makliker en goedkoper maak om te bedryf. ✓✓
- Kontantaansporings soos subsidies kan gebruik word om besighede aan te moedig om in gebiede waar werkloosheid hoog is, te vestig. ✓✓
- Subsidies kan ook gebruik word om uitvoerders te vergoed vir sekere koste wat hulle aangaan om verhoogde produksie wat op buitelandse markte gemik is, aan te moedig. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SA EXAM PAPERS

**Verbeter doeltreffendheid van insette** ✓

- Laer koerse van persoonlike inkomstebelasting is aansporing vir hoë produktiwiteit en verhoog die totale aanbod. ✓✓
- Kapitaal verbruik: deur kapitaalgoedere gereeld te vervang, skep dit geleenthede vir besighede om by te hou by tegnologiese ontwikkeling. ✓✓
- Besighede mag die afskrywingstoelae aftrek voordat belasting van hul winste afgetrek word om hul belastingverpligting te verminder. ✓✓
- Menslike hulpbronontwikkeling: Die kwaliteit van arbeid kan verbeter word deur gesondheidsorg, onderwys en opleiding te verbeter, wat die doeltreffendheid van besighede sal verhoog. ✓✓
- Gratis adviesdienste wat aan besighede gelewer word, kan geleenthede bevorder om uit te voer en besigheidsaktiwiteite in buitelandse lande te vestig, en dit sluit inligting in oor weervoorspellings, veeartsenykundige dienste en navorsing en ontwikkeling (N&O). ✓✓

**Verbeter doeltreffendheid van markte** ✓

- Deregulering behels die verwydering van wette, regulasies en verordeninge om markte vrye ✓✓ te maak arbeid en ander hulpbron-onbuigsaamheid moet aangespreek word. ✓✓
- Mededinging word aangemoedig om nuwe besighede te vestig, buitelandse direkte beleggings uit te nooi en mag-wanbalanse te verwyder. ✓✓
- Gelykmaak van die ekonomiese speelvelde: private besighede kan nie met openbare ondernemings meeding nie as gevolg van wetgewende beskerming. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir slegs hoofopskrifte/subopskrifte en voorbeelde.)**
Maks. 26

**Bykomende deel**

- Die Keynesiaanse (endogene) siening is dat markte van nature onstabiel is, daarom is regeringsingryping nodig om die ekonomie te stabiliseer. ✓✓
- Hulle voer aan dat veranderinge in die waarde van totale uitgawes veranderinge in vraag meebring. ✓✓
- Die regering kan ingryp deur fiskale beleid wat belasting en staatsbesteding insluit. ✓✓
- Tydens 'n resessie kan regerings hul besteding verhoog en belasting verlaag. ✓✓
- Dit sal die vlak van ekonomiese aktiwiteit verhoog, bv. produksie, indiensneming, inkomste en vraag.
- Tydens 'n piek kan die regering belasting verhoog en staatsbesteding verminder. ✓✓
- Dit sal lei tot verminderde inkomste, verminderde vraag na produksiefaktore, en uitgawes. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
('n Maksimum van 2 punte mag geallokeer word vir die blote lys van feite/ voorbeelde.) Maks. (10)

**SLOT**

- Deur vraagkant beleide en aanbodkant beleide te implementeer, kan die regering help om 'n stabiele en voorspoedige ekonomie te skep terwyl prysstabiliteit verseker word. ✓✓ Maks. (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante slot.) **[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**

- **Bespreek in detail die redes vir internasionale handel.** **(26)**
- **Ontleed die positiewe impak van globalisering op die Suid-Afrikaanse ekonomie.** **(10)**

**INLEIDING**
Internasionale handel verwys na die uitruil van goedere en dienste tussen twee of meer lande. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte en relevante inleiding.) (Maks. 2)

**HOOFDEEL**

**REDES VIR INTERNASIONALE HANDEL**

**Vraag redes:**

1. **Grootte van die bevolking** ✓
- As daar 'n toename in bevolkingsgroei is, veroorsaak dit 'n toename in vraag, aangesien meer mense se behoeftes bevredig moet word. ✓✓
- Plaaslike verskaffers mag dalk nie aan hierdie vraag kan voldoen nie, en verbruikers sal gedwing word om uit ander lande in te voer. ✓✓

2. **Inkomstevlakke** ✓
- Veranderinge in inkomste sal 'n verandering in die vraag na goedere en dienste veroorsaak. ✓✓
- 'n Toename in die per capita inkomste van mense lei tot meer beskikbare inkomste wat aan plaaslike goedere en dienste bestee kan word, waarvan sommige dan dalk ingevoer moet word. ✓✓
- Plaaslike aanbod mag onvoldoende wees om aan die vraag te voldoen, wat dus 'n vraag na invoere skep, wat 'n vraag na invoere skep. ✓✓

3. **Veranderinge in die rykdom van die bevolking** ✓
- 'n Toename in die welvaart van die bevolking lei tot 'n groter vraag na goedere. ✓✓
- Mense het toegang tot lenings en kan meer bestee aan luukse goedere, waarvan baie in ander lande vervaardig word. ✓✓
- In geval waar luukse goedere en dienste nie plaaslik vervaardig kan word nie, sal mense dit vanuit ander lande moet invoer. ✓✓

4. **Voorkeure en smake** ✓
- Voorkeure en smake speel 'n rol in die bepaling van pryse. ✓✓
- Kliënte in Australië verkies 'n spesifieke produk wat hulle nie produseer nie en wat hulle moet invoer, en dit sal 'n hoër waarde hê as in ander lande. ✓✓
- Mense se smaak en voorkeure ontwikkel en word dikwels beïnvloed deur sosiale media en globalisering. ✓✓
- Veranderinge in voorkeur skep markte vir goedere en dienste wat nie altyd plaaslik vervaardig word nie. ✓✓

5. **Verskil in verbruikspatrone** ✓
- Die verskil in verbruikspatrone word bepaal deur die vlak van ekonomiese ontwikkeling in die land. ✓✓
- In lande waar die vlak van beskikbare inkomste hoog is, is die vraag na luukse goedere hoog, wat 'n groter mark vir invoere skep. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- 'n Swak ontwikkelde land sal 'n hoë vraag na basiese goedere en dienste hê, maar 'n laer vraag na luukse goedere. ✓✓

**Aanbod redes**

1. **Natuurlike hulpbronne** ✓
- Natuurlike hulpbronne is nie eweredig versprei oor alle lande van die wêreld nie. ✓✓
- Hulle verskil van land tot land en kan slegs uitgebuit word op plekke waar hierdie hulpbronne bestaan. ✓✓
- Suid-Afrika het groot goudafsettings terwyl Nigerië ru-olie het. ✓✓
- Die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne skep 'n platform vir spesialisasie en 'n geleentheid om waardevolle uitvoerinkomste te verdien. ✓✓

2. **Klimaat toestande** ✓
- Elke land het 'n unieke klimaat wat toelaat dat spesifieke gewasse en vrugte daar gekweek kan word. ✓✓
- Spesialisasie word in produksie bevorder wat lande bemagtig om teen laer koste per eenheid te produseer. ✓✓
- Klimaatstoestande maak dit moontlik vir sommige lande om sekere goedere teen laer pryse as ander lande te produseer. ✓✓
- Brasilië is die grootste vervaardiger van koffie in die wêreld omdat die klimaatstoestande daar gunstig is vir koffieproduksie, en hulle verkoop aan ander lande. ✓✓

3. **Arbeidshulpbronne** ✓
- Arbeids hulpbronne verskil in kwaliteit, hoeveelheid en koste tussen lande. ✓✓
- Sommige lande het hoogs geskoolde en goed betaalde werkers met hoë produktiwiteitsvlakke. ✓✓ soos Switserland ✓
- Sommige lande het 'n groter of kleiner arbeidsmag, waar minimumlone hoër mag wees, terwyl ander geen regulasies oor vergoeding het nie. ✓✓
- Sommige lande het gespesialiseerde arbeidsmag in die produksie van sekere goedere en dienste. ✓✓
- Duitsland het die hoogs geskoolde arbeidsmagte in die vervaardiging van BMW-, VW- en Mercedes Benz-motors, wat dit die vermoë gee om na ander lande uit te voer. ✓✓

4. **Tegnologiese hulpbronne** ✓
- Tegnologiese hulpbronne is in sommige lande beskikbaar wat hulle in staat stel om sekere goedere en dienste teen 'n lae eenheidskoste te produseer. ✓✓
- Sommige lande het toegang tot gevorderde tegnologiese hulpbronne soos masjinerie en toerusting. ✓✓
- Japan en Singapoer is tegnologies gevorderd, wat hulle 'n mededingende voordeel op die wêreldmarkte gee. ✓✓

5. **Spesialisasie** ✓
- Spesialisasie in die produksie van sekere goedere en dienste laat sommige lande toe om dit teen 'n laer koste as ander te vervaardig (vergelykende voordeel). ✓✓
- Japan spesialiseer in die vervaardiging van elektroniese goedere en verkoop dit teen 'n laer prys. ✓✓
- Spesialisasie verseker dat meganisasie, arbeidsverdeling en skaalvoordele met massaproduksie geassosieer word. ✓✓
- Lande verdien dus 'n internasionale reputasie vir hul spesialisasie in die vervaardiging van sekere produkte. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6. **Kapitaal** ✓

- Reële en geld kapitaal moedig ontwikkelde lande aan om 'n voordeel bo onderontwikkelde lande te geniet. ✓✓
- Ontwikkelde lande is gewoonlik hoogs geïndustrialiseer en het goed ontwikkelde infrastrukture wat hoër produktiwiteitvlakke bevorder. ✓✓
- As gevolg van 'n gebrek aan kapitaal kan sommige lande nie al die goedere wat hulle benodig self produseer nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/voorbeelde) (Maks. 26)

**Bykomende deel**

**Positiewe impak van globalisering op Suid-Afrika se ekonomie**

- Met globalisering kan plaaslike maatskappye op internasionale markte verkoop wat hul winste sal verhoog en beter produktiwiteit aanmoedig, wat tot ekonomiese groei lei. ✓✓
- Buitelandse maatskappye kan dan hul takke in Suid-Afrika oopmaak en dit help met internasionale verhoudings en ekonomiese integrasie. ✓✓
- Massaproduksie word moontlik aangesien ons ook vir internasionale markte produseer wat werksgeleenthede in die land verhoog. ✓✓
- Die pryse van goedere en dienste in die land daal as gevolg van spesialisasie en buitelandse mededinging. ✓✓
- Globalisering verseker direkte buitelandse beleggings vir Suid-Afrika aangesien buitelandse maatskappye 'n gunstige produksie-omgewing soek wat lei tot 'n invloei van buitelandse valuta. ✓✓
- Die regering gee subsidies en aansporings aan uitvoerende besighede wat industriële ontwikkeling aanmoedig. ✓✓
- Met globalisering kan Suid-Afrika die seldsame vaardighede en tegnologie invoer wat ons help om ons natuurlike hulpbronne tot ons eie voordeel te benut. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 10)
('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir die blote lys van feite/voorbeelde)

**SLOT**

Dit is belangrik vir Suid-Afrika om beleggings in uitvoerbedrywe aan te moedig sodat ons voordeel trek uit internasionale handel. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante slot.) (Maks. 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African